# Visuele Kunsopleiding aan die

Nico Roos

Daar kan met reg gesê word dat kunsopleiding in Suid-Afrika nou sy kinderskoene ontgroei het en volwaardig sy plek kan inneem tussen al die ander dissiplines wat aan ons universiteite en technikons onderrig word. Op die vooraand van ingrypende veranderinge in Suid-Afrika bevind die kunsopvoeder hom voor nuwe uitdagings, veral op die gebied van ontwerpopleiding.

Aan die Universiteit van Pretoria strek opleiding in Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis reeds oor bykans veertig jaar. Dit word allerweë aanvaar dat diè Departement 'n integrale deel vorm van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte waaronder dit ressorteer. Daar bestaan duidelike verbindingslyne na baie vakke in die Fakulteit soos Sielkunde, Sosiologie, Argeologie, Filosofie, Geskiedenis, Letterkunde, Kultuurgeskiedenis en nog meer.

Oor die jare heen is ook sterk verbintenisse met vakrigtings buite Lettere ontwikkel. Studente in Inligtingsontwerp volg kursusse in Bemarkingsbestuur, met onderafdelings soos reklame, marknavorsing, verbruikersgedrag ens.

Die veranderde posisie wat Beeldende Kunste inneem in universiteitsverband asook die verandering in opleidingsbenadering wat oor die jare heen posgevat het, blyk duidelik uit die missie van die Departement, nl. om Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis akademies-wetenskaplik aan te bied en te bevorder.

Die Departement Beeldende Kunste stel hom ten doel om deur uitnemende onderrig- en navorsingsprogramme van internasionaal vergelykbare gehalte, studente toe te rus met kennis van die grondbeginsels van artistieke wetenskaplike denk- en werkswyses en met 'n grondige kennis van die artistieke en teoretiese komponente van verskeie erkende kunsvorme. Terselfdertyd word studente in staat gestel om verworwe kennis en vaardighede betekenisvol op 'n praktiese wyse te vergestalt, te ontwikkel en binne die wetenskap en die gepaardgaande tegnologie toe te pas.

Die Departement is daarvan oortuig :

- dat Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis as volwaardige akademies-wetenskaplike dissiplines die geleentheid vir studente skep om op hoë vlak hulself ten beste vir bepaalde beroepe voor te berei;

- dat Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis studente voorberei om kreatief te dink en te werk om sodoende 'n skeppende en innoverende lewenswyse te kweek;

- dat hy deur sy beleid van noue skakeling met en gebruik van persone uit die onderskeie kuns- en ontwerpprofessies, sy studente aan die praktyk blootstel en terselfdertyd die praktyk op 'n sinvolle wyse by die werksaamhede van die Departement betrek;

- dat die Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis deur sy werksaamhede en fasiliteite binne die milieu van die Universiteit en die breër gemeenskap 'n onmisbare kultureel- geestelike klimaat skep en bevorder tot welsyn van die Universiteit en die gemeenskap.

Die verandering wat in Beeldende Kunste-opleiding intree word treffend opgesom deur die kunstenaar Dan Flavin:

> The romance of days of belabored feeling, of precious, pious, compulsively grimey studiobound labour by haphazardly informed neurotic 'loners' often verging on mental illness, relying desperately on intuitive good sense is passing from art. The contemporary artist is becoming a public man, trusting in his own intelligence, confirming his own informed ideas. (Rosenberg 1972:44).

Dit is duidelik dat die jong kunstenaar nie meer slegs op talent of aanleg kan staatmaak om in ons hoogs kompeterende wêreld te oorleef nie. Die dae van die begaafde outodidak is skynbaar iets van die verlede. Vandag moet die kunstenaar 'n opgeleide persoon wees, nie slegs geskool in sy eie vakgebied nie, maar breed onderlê in 'n wye verskeidenheid aanverwante dissiplines.

Diè geleenthede word juis geskep in die akademiese klimaat van die universiteit.

Dit beteken egter dat die opleidingfilosofie van kunsdepartemente eweneens moet verbreed. Die dae waar hoofsaaklik klem gelê is op die ontwikkeling van die handvaardigheid en die tegniese vermoë van die kunsstudent is vir goed verby. Hierdie benadering het in elk geval meermale ontaard in afrigting in plaas van opvoeding en diè siening van kunsopleiding is verouderd en uitgedien.

# UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die universiteit met sy groot poel van kennis moet beskikbaar gestel word aan die jong kunsstudent ten einde te verseker dat die produk wat afgelewer word 'n breed geskoolde denkende persoon is.

Die klem in die opleiding van kunsstudente het daarom dan ook juis verskuif van die handvaardigheid na die ontwikkeling van die vermoë om selfstandig denkend op te tree; om die wye veld van visuele inligting waarmee hy gekonfronteer word te interpreteer en te verwerk.

Kunsopleiding moet lei na akademiese selfdissipline en die ontwikkeling van 'n metodologie waardeur visuele en akademiese inligting ondersoek, verwerk en verbreed kan word. Opleiding in die visuele kuns is in die eerste instansie op die ontwikkeling van die konsepsuele vermoë van die mens gemik. Die prakties skeppende aktiwiteit is die neerslag of verkonkretisering van 'n visuele idee.

Kreatiwiteit kan nie aangeleer word nie, maar dit kan wel ontwikkel word. Vir die ontwikkeling van die kreatiewe vermoë is 'n akademiese omgewing nodig wat in die wydste sin moontlikhede skep vir probleemstelling en -oplossing. Die kreatiewe denke stel die kunsstudent wat nie in die eng prakties-tegniese beskouing opgelei is nie, in staat om sy visuele vermoë in enige ander rigting met selfvertroue toe te pas. Dit is moontlik omdat die student nie bloot geleer is hoe om te teken of te skilder nie, maar eerder hoe om kreatief denkend en selfstandig te wees. Dit is per slot van sake die doel van universiteitsopleiding.

Kunsopleiding is dus inderdaad opleiding in visuele probleemstelling en -oplossing. Die suksesvolle kunskursus is nie eng beroepsgeorienteerd nie, maar kan vir 'n aantal beroepsmoontlikhede voorsiening maak.

Ons staan egter nou op die vooraand van ingrypende maatskaplike en ekonomies/politieke veranderinge in Suid-Afrika. Dit spreek vanself dat die kunste in geheel baie direk hierdeur geraak gaan word.

Daar sal in ons opleidingsprogramme 'n geweldige ommekeer moet plaasvind om nuwe aspirasies te akkomodeer en om bloot praktiese behoeftes te bevredig.

Ons opleidingprogramme vir Beeldende Kunste sowel as Kunsgeskiedenis was tot dusver sterk, in baie gevalle selfs uitsluitlik, Eurosentries in inhoud. Dit sal noodwendig moet verander om ons eie kontinent sy regmatige plek te laat inneem in ons kurrikula.

In die proses sal daar egter 'n gesonde balans behou moet word wat sal verseker dat die prestasies van die ou kultuurlande nie negeer word nie.

Die belangrikste uitdagings lê myns insiens voor die deur van die ontwerpopvoeding.

Veel is in die jongste tyd gesê oor die behoefte aan 'n unieke Suid-Afrikaanse ontwerpstyl. Selfs op die gebied van die heraldiese ontwerp word daarna gestreef om 'n kenmerkend Suid-Afrikaanse aanslag te bereik.

Die vraag is egter: is dit werklik moontlik solank ons blindelings vaskyk teen die Europese of Noord-Amerikaanse voorbeeld? Kan ons in ons grafiese- en industriële ontwerp unieke oplossings vind solank ons in kompetisie met die groot geindustrialiseerde lande wil tree? Moontlik is dit juis die huidige veranderinge in ons sosio-politieke en ekonomiese klimaat, die besef dat ons wesentlik 'n vermenging van eerste- en derdewêreld kulture is, wat ons siening van ontwerp in die breë, in ander opwindende bane gaan lei.

Moontlik is dit juis hierdie veranderde siening wat sal meebring dat opnuut gelet sal word op die oproepe wat wyle dr Hendrik van Eyck reeds in die sestigerjare gemaak het om die totstandbring van 'n eie Afrika-gerigte ontwerp, meer bepaald nywerheidsontwerp, wat tot voordeel van ons eie kontinent ingespan kan word.

Die uitdagings wat aan kunsopvoeders gestel word is enorm. Ek twyfel of almal daarvoor toegerus is en sal 'n nuwe generasie dosente moontlik hierdie uitdaging die hoof moet bied. Hoe dit ookal sy, die veranderinge wat voorlê, sal noodwendig die herskryf van missies en kurrikula meebring vir kunsdepartemente aan baie van ons universiteite en technikons.

BIBLIOGRAFIE

Rosenberg, H. 1972. *The Re-definition of Art.* London: Secker & Warburg